Trifectiv® Plus Paediatric Care 100 mL (3.4 FL. OZ)
Instruksie/insetsel

Trifectiv® Plus Paediatric Care is ideaal om beserings van die vel, byte, skrape, velinfeksies, oop wonde, brandwonde en ander te behandel. Die aktiewe bestanddeel is hipochloorsuur (HOCl).

Trifectiv® Plus Paediatric Care help met die skoonmaak van die wond en berei die wond voor vir natuurlike en effektiewe genesing. Hierdie oplossing van hipochloorsuur (HOCl) is anti-bakterieel, anti-swam en anti-viraal en streel die wond. Dit verseker beter, vinniger genesing met 'n baie laer risiko vir infeksie en 'n verbetering in pyn en reuk in wonde wat voorheen nie wou genees nie. Dit verminder ook die potensiaal vir littekens, soos die wond genees.

Samestelling
Steriele oplossing van hipochloorsuur 380 mg/L en water (Aqua)

Mediese toestel klassifikasie
Mediese Toestel Klas C (ZA). Geskik vir gebruik op oop wonde.
Wond uitspoel middel met antimikrobiese eienskappe.

Indikasies vir gebruik
Enige toestand waar die vel se integriteit versteur is of vir velinfeksies.

Kontraindikasies
Vermy langtermyn aanwending op die vel van jou gesig.
Verwag verminderde effektiwiteit in die teenwoordigheid van kortisoon en anti-inflammatoriese jel.

Waarskuwing
Indien die toestand waarvoor die produk gebruik word nie verbeter binne 48 tot 96 uur nie, raadpleeg asb. u mediese praktisyn.
Moenie gebruik indien die produk se vervaldatum oorskrei is nie.

Veiligheidsaspekte
Die produk is veilig om te gebruik gedurende swangerskap en borsvoeding. Dit kan ook op kinders, babas & diere aangewend word.

VINNIGE GIDS

1. Sproei die **Trifectiv® Plus Paediatric Care** oor die area en laat dit natuurlik droog word.

2. Herhaal gereeld soos vereis deur die dag.

GEBRUIKSAANWYSINGS VIR SPESIFIEKE TOESTANDE

Swam infeksies soos skilfer kors
- Was die area liggies met babasjampoe om enige rome/spuitmiddels te verwyder voor die eerste toediening. Spoel goed af en droog liggies af.
- Spuit **Trifectiv® Plus Paediatric Care** op die aangetaste areas en laat dit natuurlik droog word. Herhaal 4 x per dag.
  ** Let wel: infeksie behoort binne twee weke op te klaar, maar dit is belangrik om voort te gaan met die gebruik van **Trifectiv® Plus Paediatric Care** gebruik totdat die skilfer kors heeltemal opgeklaar het.*

Mond sproei
- Spuit **Trifectiv® Plus Paediatric Care** vier keer per dag direk in baba se mond.
- Spuit op die tepels na elke voeding of ten minste vier keer per dag. Verwyder enige oortollige melk uit die area met 'n sneesdoekie voor bespuiting. Laat natuurlik droog word.

Brand boudjies
- Maak die area skoon met louwarm water of klam skoonmaak doekies. Moet asseblief nie seep gebruik nie
- Maak saggies droog met 'n skoon, droë handdoek. Sodra die vel droog is, spuit die aangetaste area met **Trifectiv® Plus Paediatric Care** en laat dit op n natuurlike manier heeltemal droog word.
- Sodra die vel droog is, smeer 'n laagie room op die vel. Moet asseblief nie 'n salf soos petroleumjellie gebruik nie
- Herhaal bogenoemde stappe met elke doek omruil of ten minste een keer elke 2 uur totdat die brand boudjies genees is.

Ontsteekte of aansteeklike veltoestande, sonbrand, insek byte
- Spuit **Trifectiv® Plus Paediatric Care** 4 x per dag oor die area en laat dit natuurlik droog word.

Snye, skrape, skaafwonde
- Wonde moet skoongemaak word voordat die eerste verband van **Trifectiv® Plus Paediatric Care** toegedien word. Gebruik 'n bad spons, warm water, en 'n bietjie borrelbad seep om die wond skoon te was.
- Maak seker geen reiniger bly op die wond nadat dit met skoon water afgespoel is nie (moenie soutwater gebruik nie).
- Druk die wond versigtig droog met 'n skoon handdoek. Geen verdere skoonmaak van die wond sal nodig wees wanneer **Trifectiv® Plus Paediatric Care** gebruik word nie.
- Spuit die aangetaste area deeglik met **Trifectiv® Plus Paediatric Care** en laat dit natuurlik droog word. Moenie die oplossing in die vel invryf nie.
- Gaan voort om die wond 3 tot 4 keer per dag te spuit. As dit nodig is, kan die wond bedek word met 'n crepe verband of pleister.

Brandwonde
- Verwyder enige los vel en vreemde voorwerpe.
- Wend **Trifectiv® Plus Paediatric Care** aan deur dit op die gebrande area te spuit.
- Sit 'n enkele laag **nie-gemedieerde paraffien gaas** op die wond om ongemak te verminder wanneer die verband vervang word.
- Maak 3-5 lae skoon nie-gesteriliseerde geweefde gaas nat met 5 mL* van **Trifectiv® Plus Paediatric Care** en wend dit direk op die wond aan, maak seker dat die hele area bedek is.
- Verbind met 'n crepe verband of lugdeurlaatbare verband.
- Vervang die verband daagliks deur die stappe hierbo te volg.

Newe-effekte en spesiale voorsorgmaatreëls
Die eerste dag van gebruik kan effens branderig voel.
Moet dit nie saam met waterdigte verbande gebruik nie.
Moenie **Trifectiv® Plus Paediatric Care** saam met silwer-bevattende verbande gebruik nie.
Moenie **Trifectiv® Plus Paediatric Care** meng of gebruik met of na sout, jodium, chloorheksidien of enige ander handelsmerk-ontsmettingsmiddel nie.
In sommige gevalle kan addisionele skerp debridement van sigbare nekrotiese weefsel nodig wees voordat behandeling met **Trifectiv® Plus Paediatric Care** begin word. Raadpleeg asseblief 'n dokter indien nodig.

Die bottel is GLAS.. Wees asb. versigtig!
Moenie binne die bereik van babas en kleuters los wanneer dit sonder toesig is nie.

Vervang die doppie na gebruik om die spuitstuk te beskerm en breek te voorkom.

Simptome van oordosering
Geen

Voorkoms van produk
Deursigtige, helder skoon vloeistof

Houer
100 mL (3.4 FL. OZ) oplossing in 'n wit **GLAS** bottel met sproei pomp.

Berging
Bêre bottel by kamer temperatuur.
Hou bottel uit direkte sonlig.
Gooi enige ongebruikte produk weg 12 maande na opening.

Naam en adres van vervaardiger
Thoclor Labs (Pty) Ltd
Unit E1 Stellenbosch Agri-Park, Baden Powell Drive, Lynedoch, Stellenbosch 7600, Suid Afrika

Strepieskode No. 6009900445847
Nappi 1179193001
SAHPRA 733MD
Mediese Toestel Klas C (ZA)
ISO 13485:2016

Besoek www.trifectiv.com/baby vir meer inligting of gebruik die QR-kode

*Elke verband van 3-5 lae geweefde gaas benodig 5 mL produk – dit is gelyk aan 50 pompe van die 100 mL bottel per verband.
Dit verseker optimale benatting van die gaas vir genesing = ongeveer 20 verbande per bottel.